**enditnow**® Beklemtoningsdag
Hulpbron Pakket

Augustus 28, 2021

**BRING VREDE HUISTOE:**
**Spreek Jeuggeweld aan by die Wortels**

Preek geskryf deur Sarah McDugal, MSA-ID
Skrywer | Afrigter |
Mishandeling Genesingsafrigter
"Wilderness to WILD, LLC"

Seminaar sluit in
PORNOGRAFIE: Verslawing, Mishandeling & Teistering
Geskryf deur Erica Jones
Assistent-direkteur | Vrouebedieninge
Noord Amerikaanse Divisie van die Sewendedag Adventiste Kerk

Sluit ook in 'n e-boek oor Gesinsgeweld
MISBRUIK VOORSPRAAK: 'n VINNIGE VISUELE GIDS
Geskryf deur Sarah McDugal, MSA-ID

**enditnow**®
Adventiste sê Nee vir Geweld

Kinderbedieninge, Onderwys, Gesinsbedieninge, Gesondheidsbedieninge,
Ministeriële Vereniging, Vroue Bedieninge, Jeug Bedieninge

Voorberei deur die Departement van Vroue Bedieninge
Wêreld Konferensie van Sewendedag Adventiste
Namens die **enditnow**® span van die Wêreld Konferensie departemente
12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD, 20904-6600 VSA

Seventh-day
Adventist® Church

WÊRELD KONFERENSIE
HOOFKANTOOR

VROUE BEDIENINGE

Maart 30, 2021
Geagte Direkteure,

Vreugevolle groete aan elkeen van u. Hierdie jaar het ons die kwessie van jeuggeweld en pronografie gekies om op te fokus. Hierdie is nie kwessies wat gewoonlik aangespreek word nie, en ons weet dat sommige ongemaklik sal wees met die onderwerp. Tog is dit belangrik dat ons die probleem aanspreek. Ons lees meer en meer in die koerante van geweld wat gepleeg word deur en teen die jongmense. Ons kan nie langer maak asof die probleem net buite die deure van ons kerke plaasvind nie. Ons jongmense is nie veilig nie! Ons moet maniere vind om hulle te help om die destruktiewe en skadelike gevolge wat spruit uit hierdie tipe geweld, te hanteer. Met die hulp van God sal ons 'n verskil maak in hulle lewens en help om die genesingsproses te begin.
Die titel van hierdie jaar se preek is "Bring Vrede Huistoe" en is geskryf deur Sarah McDugal, MSA-ID, Skrywer, Afrigter, Misbruik Genesingsafrigter,' Wilderness to WILD, LLC.' Ons is dankbaar vir die inligting wat Sarah met ons deel in die preek en ook die aanmoediging en leiding wat sy meedeel uit die Bybel.
Ook ingesluit sal u die seminaar vind met die titel "Die Probleem met Pornografie: Verslawing, Mishandeling en Teistering" geskryf deur Erica Jones, Assistent-direkteur van die Vroue Bedieninge van die Noord Amerikaanse Divisie van Sewendedag Adventiste. Erica werk met jong vroue in die Noord Amerikaanse Divisie in die areas van mishandeling, verslawings en pornografie. Baie jong dames is al gehelp deur Erica se toeweiding en deursettingsvermoë om hierdie kwessies aan te spreek.

Ons wil ook al die Wêreld Konferensie se departemente bedank wat steeds die **enditnow**® program ondersteun met hulle bystand en bemoediging deur die jare, wat toegelaat het dat die kwessie van geweld in ons huise en gemeenskappe na vore gebring kon word en openlik bespreek kan word deur ons lidmate.

God seën en lei u terwyl u hierdie belangrike pakket met hulpbronne deel op die **enditnow**® Beklemtoningsdag.

Met liefde en vreugde,

Heather-Dawn Small

Heather-Dawn Small
Vroue Bedieninge Direkteur
"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink .... met blydskap." Fillipense 1:3,4

## Inhoudsopgawe

***Omtrent die Skrywer*** ........................................ ***4***

***Wat is in Hierdie Pakket?*** ........................................ ***4***

***Program Notas*** ........................................ ***5***

***Diensorde*** ........................................ ***6***

***Preek*** ........................................ ***7***

***Verklaring oor Pornografie*** ........................................ ***16***

***Seminaar*** ........................................ *Error! Bookmark not defined.*

***Seminaar*** ........................................ ***17***

## Omtrent die Skrywers

**Sarah McDugal** is 'n skrywer, spreker, afrigter, en mishandeling genesingsafrigter wat eksklusief werk met vroue wat getroumatiseer is deur toksiese verhoudings in die geloofsgemeenskap. Sy is 'n oudstudent van Southern Adventiste Universiteit en sy het haar Meestersgraad ontvang van Andrews Universiteit. Sedert 2018 dien sy as lid van die Noord Amerikaanse Divisie Komitee vir die Kwessies van Mishandeling.

Sarah is die stigter van WildernesstoWILD.com, wat kursusse en hulpbronne aanbied om advokate, predikante en oorlewendes van mishandeling te lei na genesing, heelheid en die ontwikkeling van veiliger kerke of gemeentes.

Sarah het sewe boeke gepubliseer, insluitend, "Myths We Believe, Predators We Trust"; "Safe Churches: Responding to Abuse in the Faith Community"; "Abuse Advocacy: A Quick Visual Guide"; en "Understanding and Implementing Sexual Misconduct Policy."

Vind meer uit oor Sarah McDugal op Facebook, YouTube, en Instagram.

*Abuse Advocacy: A Quick Visual Guide,* 'n e-boek (pdf) geskryf deur Sarah McDugal en gebruik met toestemming van "*Wilderness to WILD, LLC.*"

Behalwe waar anders vermeld kom alle aanhalings uit Die Bybel, 1933 (OV).

**Erica Jones** is 'n Assistent-direkteur van Vroue Bedieninge, Noord Amerikaanse Divisie.

**Drs. Claudio en Pamela Consuegra** is direkteure van Gesinsbedieninge, Noord Amerikaanse Divisie.

## Wat is in hierdie Pakket?

**Preek**: "Bring Vrede Huistoe," deur Sarah McDugal, met PPT
**Verklaring:** "Pornografie," 1990 Openbare Verklaring deur Neal C. Wilson, met PPT
**Seminaar:** "Pornografie: Verslawing, Mishandeling & Teistering," deur Erica Jones, met PPT
**Seminaar:** "Gevaarlike Bedmaats, "deur Claudio enPamela Consuegra, met PPT
**e-Boek**: "Mishandeling Voorspraak:'n Vinnige Visuele Gids", deur Sarah McDugal, MSA-ID, PDF
**Brosjure:** Tiener Mishandeling, deur die Noord Amerikaanse Divisie Vroue Bedieninge, PDF
**Uitdeelstuk:** Gemeente Self-assesseringshulpmiddel, Graph C, deur die Noord Amerikaanse Divisie
**enditnow**®
**Skyfies:** Agtergrond vir die preek, PPT

## Program Notas

Lees asseblief deur die ingeslote hulpbronne van die **enditnow**® pakket. Wees op die uitkyk vir maniere om die materiaal aan te pas by u divisie en velde. Die pakket mag vertaal, verwerk en geredigeer word volgens u Divisie se behoeftes, insluitend die beste vertaling van die Bybel wat u beskikbaar het. U mag ook die pakket aanpas volgens u gehoor se kultuur. Die pakket word vrygestel vir Franse, Portugese en Spaanse gehore by die divisie se Vroue Bedieninge direkteure, wanneer die aangewese divisies die vertaalde digitale weergawes met ons gedeel het.

Die diensorde stel liedere en lesings voor wat geneem is uit die "Seventh-day Adventist Hymnal," © 1985 wat verband hou met die tema soos ons dit sien. Kies asseblief elemente vanuit die voorgestelde diensorde of verander dit volgens u keuse.

Ons diepe dank aan u vir die uitstuur van die **enditnow**® Beklemtoningsdag pakket na die verskillende deelnemende instansies sodat dit die plaaslike gemeentes betyds kan bereik. Die pakket is ook beskikbaar op ons webtuiste, women.adventist.org, onder Spesiale Dae, **Enditnow,** 2021.

Onthou asseblief dat die logo **enditnow**® Adventiste Sê Nee vir Geweld, geregistreer is asook 'n handelsmerk is. Die woorde "**enditnow**" moet altyd in klein letters met swart vetdruk gedruk word, met die donkerrooi "**it**" sonder enige spasies. Gebruik die geregistreerde simbole in die titel en in die eerste verwysing in 'n dokument en op enige ander plek waar dit gebruik word as 'n logo eerder as 'n geskrewe teks.

Sewe departemente van die Wêreld Konferensie van die Sewendedag Adventiste het saamgewerk as 'n span om die probleem van interpersoonlike geweld aan te spreek. Kinderbedieninge, Onderwys, Gesinsbedieninge, Gesondheidsbedieninge, Ministeriële Vereniging en Jeug Bedieninge het met die Vroue Bedieninge hande gevat om die **enditnow**® "Adventists Say No to Violence" inisiatief te befonds. Interpersoonlike geweld impakteer almal en ons is verheug dat hierdie bedieninge vir oud en jonk, manne en vroue, kinders en volwassenes, lidmate en predikante deel kan wees van die koalisie om hierdie sosiale en geestelike mishandeling – 'n tragedie in al sy vorms-- aan te spreek.

Wêreld Konferensie van Sewendedag Adventiste
Vroue Bedieninge Departement

## Diensorde

Oproep tot aanbidding

Loflied

Beurtlesing

Pastorale gebed

Reaksie op Gebed

Oproep vir Offergawe

Spesiale musiek

Skriftuurlesing: Galasiërs 5:22, 23a, NV.

*Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Preek Bring Vrede Huistoe: Spreek Jeuggeweld aan by die Wortels

Slotlied

Slotgebed

Seënbede Jesaja 58:6,8 NLT
"Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry,
om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek?
Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom."

## PREEK

**BRING VREDE HUISTOE:**
**Spreek Jeuggeweld aan by die Wortels**
Geskryf deur Sarah McDugal, Mishandeling Genesingsafrigter
Stigter van 'WildernesstoWILD.com'

Skriftuurlesing: Galasiërs 5:22

## INLEIDING

Die Klein Mensie, 'n Allegorie

Eens op 'n tyd was daar 'n Klein Mensie wat baie spesiaal gevoel het. Die Klein Mensie wou altyd hê dat dinge op "sy" manier gedoen moet word. Wat ander mense wou doen of nodig gehad het, het nie saak gemaak vir die Klein Mensie nie en so het hy selfsugtig geword.

Terwyl ander Klien Mensies geleer het om ander se behoeftes eerste te stel, het die Klein Mensie dit nie geleer nie. En die Klein Mensie het begin verwag en geëis dat alles op "sy" manier gedoen word.

Die Klein Mensie het groot geword en 'n Groot Klein Mensie geword. Toe die Groot Klein Mensie dieselfde selfsugtige eise begin stel om dinge op "sy" eie manier te doen met ander grootmense, het dit nie so goed gewerk as voorheen nie.

Inplaas daarvan om te fokus op goeie dinge en om behulpsaam en vriendelik teenoor ander te wees, het die Groot Klein Mensie begin om 'n gewoonte daarvan te maak om oneerlike dinge te doen en om ander mense seer te maak om sy eie wil te verkry, selfs al was dit verkeerd om oneerlik te wees en mense seer te maak.

Omdat die Groot Klein Mensie altyd gaaf was met die mense in beheer, het hulle gedink dat die Groot Klein Mensie wonderlik was. Gou het die mense in beheer toegelaat dat die Groot Klein Mensie meer en meer mag kry.

Dit het gelyk of die Groot Klein Mensie vir altyd en altyd gelukkig sou lewe, maar die mense die naaste aan die Groot Klein Mensie het swaar gekry. Op die ou einde het die Groot Klein Mensie wat geleer het om wreed te wees, ook swaar gekry – want die Groot Klein Mensie wat altyd "sy" eie wil wou hê, het nooit geleer om die vreugde van onselfsugtigheid, behulpsaamheid en vriendelikheid te smaak nie.

Eendag, toe die mense in beheer besef dat die Groot Klein Mensie wreed teenoor ander is, het hulle besluit om op te hou om mag aan die Groot Klein Mensie te gee. Dit was ook die dag toe almal in die gemeenskap nie meer seergemaak is deur die Groot Klein Mensie nie, en hulle was instaat om te genees van die wonde en om ware liefde en veiligheid te ondervind.

## STATISTIEKE VAN JEUGGEWELD VANOOR DIE WÊRELD

Die hedendaagse wêreld is 'n gevaarlike plek vir ons kinders en jongmense om in groot te word. Indien ons braaf genoeg is om te kyk, is die statistieke van geweld, boellies en aanranding onrusbarend in elke land. Tegnologie het die potensiaal vir jeugdige wreedheid vergroot, deur dit moontlik te maak om jou eweknieë te boellie sonder die risiko omjouself te openbaar of seer te maak.

Voordat ons die tasbare maniere verken hoe om hierdie probleem aan te spreek, moet ons eers beter verstaan wat ons jeug in die gesig staar op 'n daaglikse basis in die hedendaagse lewe.

Hierdie statistieke kan ontstellend wees en ongemaklik om aan te hoor, maar vir ons gemeenskap van gelowiges is dit belangrik om dit te weet, as ons bewus wil wees en in staat wil wees om waarlik 'n impak te maak. Ons moet ook onthou dat baie van die gesinne in ons gemeentes en gemeenskappe leef met die impak van hierdie data, wat dit 'n belangrike tema maak om by die kerk te bespreek – selfs al is dit ongemaklik om dit te doen.

Volgens die Wêreld Gesondheidsorganisasie is jeuggeweld 'n globale gesondheidsprobleem. Dit sluit die reeks aksies in van boellie en fisiese bakleiery, tot wrede seksuele en fisiese geweld, tot manslag en moord.[1]

- Omtrent 200,000 gevalle van manslag onder die jeug met die ouderdomme 10-29 jaar oud, vind wêreldwyd plaas per jaar. Dit is omtrent die helfte (43%) van die totale aantal gevalle van manslag wêreldwyd elke jaar.
- Manslag is die vierde primêre oorsaak van dood vir die ouderdomme 10-29, en 83% hiervan is manlike slagoffers.
- Vir elke jongmens wat gedood word, is daar baie meer wat beserings opdoen en hospitaal behandeling vereis.
- In een studie is daar tot 24% van vroue wat rapporteer dat hulle eerste seksuele ondervinding geforseerd was.
- Indien dit nie fataal is nie, het jeuggeweld 'n ernstige, dikwels lewenslange impak op die fisiese, sielkundige en sosiale funksionering van die persoon.
- Geweld onder die jeug verhoog die lewenskostes van gesondheid, welsyn en kriminele geregsdienste; verminder produktiwiteit; en verminder die waarde van eiendom.

Volgens RAINN is die hoeveelheid seksuele geweld teenoor kinders onder 18[2] ysingswekkend:

- 1 in 9 dogters en 1 in 53 seuns onder die ouderdom van 18, het seksuele mishandeling of geweld ervaar aan die hand van 'n volwassene.[3]
- 82% van alle slagoffers onder 18 is vroulik.[4]

---

[1] https://www.un.org/youthenvoy/2015/12/youth-violence-is-a-global-public-health-problem-who/
[2] https://www.rainn.org/statistics/children-and-teens
[3] David Finkelhor, Anne Shattuck, Heather A. Turner, & Sherry L. Hamby, The Lifetime Prevalence of Child Sexual Abuse and Sexual Assault Assessed in Late Adolescence, 55 Journal of Adolescent Health 329, 329-333 (2014)
[4] Department of Justice, Office of Justice Programs, Bureau of Justice Statistics, Sexual Assault of Young Children as Reported to Law Enforcement (2000).

- Meisies tussen die ouderdomme van 16-19 is 4 maal meer waarskynlik om slagoffers van verkragting, poging tot verkragting of seksuele geweld te wees.[5]
- 9 uit 10 slagoffers van verkragting is vroulik.[6]

Die gevolge van seksuele mishandeling kan langdurig wees en affekteer die slagoffer se geestesgesondheid, verhoog die risiko en veroorsaak dat hulle :[7]

- Meer as 4 keer die moontlikheid het om simptome van dwelmmisbruik te ontwikkel.
- Omtrent 4 maal meer geneig is om PTSD te ontwikkel as volwassenes.
- Omtrent 3 maal meer geneig is om major depressiewe episodes te ondervind as volwassenes.

So, as liefdevolle ouers, onderwysers en kerk gemeenskapsleiers – hoe kan ons ons kinders veilig hou? Wat kan ons doen om die volgende generasie te beskerm en hulle te help om te ontwikkel tot gesonde, sterk, selfversekerde en veilige volwassenes?

### WAAR JEUGGEWELD BEGIN

Statistieke wys dat die huis, waar kinders veronderstel is om omring te wees van volwassenes en ouer jongmense vir wie hulle liefhet en vertrou, soms die mees onveilige plek is. Data wys dat wanneer gevalle van kinder seksuele gewld gerapporteer word aan die wetstoepassers:

- Is 93% van die skuldiges bekend aan die kind en van daardie gevalle is 34% gesinslede of naasbestaandes,
- Terwyl slegs 7% van die skuldiges vreemdelinge vir die kind is.[8]

Die erge realiteit is dat die plek waar die kind geweld begin ondervind meestal binne die huis is. Selfs in Sewendedag Adventiste huise.

Die Wêreld Gesondheidsorganisasie stel dit ook dat Nadelige Kindertyd Ondervindings (NKO's of ACE's in Engels) van die mees intensiewe en dikwels herhalende oorsake van stres is wat kinders vroeg in hulle lewens ervaar.

Hierdie nadelinge ondervindings kan die volgende insluit, verbale, fisiese, seksuele of sielkundige mishandeling; verskeie vorms van verwaarlosing; geweld tussen ouers of versorgers; ernstige

---

[5] Department of Justice, Office of Justice Programs, Bureau of Justice Statistics, Sex Offenses and Offenders (1997).

[6] i. Department of Justice, Office of Justice Programs, Bureau of Justice Statistics, Female Victims of Sexual Violence, 1994-2010 (2013); ii. National Institute of Justice & Centers for Disease Control & Prevention, Prevalence, Incidence and Consequences of Violence Against Women Survey (1998). (This statistic presents information on the total number of male and female victims in the United States, using a study from 1998. Because the U.S. population has increased substantially since then, it is probable that the number of victims has as well. RAINN presents this data for educational purposes only, and strongly recommends using the citations to review any and all sources for more information and detail.)

[7] H.M Zinzow, H.S. Resnick, J.L. McCauley, A.B. Amstadter, K.J. Ruggiero, & D.G. Kilpatrick, Prevalence and risk of psychiatric disorders as a function of variant rape histories: results from a national survey of women. Social psychiatry and psychiatric epidemiology, 47(6), 893-902 (2012).

[8] https://www.rainn.org/statistics/children-and-teens

disfunksie soos alkohol, dwelmmisbruik, of pornografie verslawing; asook direkte geweld tussen eweknieë, of in die gemeenskap.

“Daar is bewys dat aansienlike en verlengde stres tydens die kinderjare, lewenslange gevolge kan hê vir die persoon se gesondheid en welstand. Dit kan vroeë brein ontwikkeling ontwrig en die funksionering van die senuwee- en imuunstelsels kompromiteer. Saam daarmee, as gevolg van die gedrag van sommige mense wat NKO’s ondervind het,kan sulke stres lei tot ernstige probleme soos alkoholisme, depressie, eetversteurings, onveilige seks, MIV/VIGS, hartsiektes, kanker, en ander kroniese siektes” later in hulle lewens.[9]

In Lukas 2:52 beskryf hy Christus se kinderdae as volg, “En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.” (NV)
Dit sê vir ons drie dinge omtrent Sy kindertyd:

1) Hy het gegroei in sielkundige en geestelike volwassenheid (wysheid)
2) Hy het gegroei in fisiese gesondheid en krag (grootte)
3) Hy het gegroei in genade met God en die mense (karakter en persoonlikheid).

Ellen White skryf ook oor hierdie drie eienskappe van Jesus:

> “Wonderbaar treffend is die kort beskrywing van Sy jeug: “Die Kindjie het gegroei en sterk geword in die gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom.” In die sonlig van Sy Vader se aanskyn het Jesus “toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.” Lukas 2: 40, 52. Verstandelik was Hy baie skerpsinnig, met ’n bedagsaamheid en wysheid ver bokant Sy ouderdom, dog Sy karakter was edel en eweredig. Verstandelik en liggaamlik het Hy geleidelik ontwikkel, ooreenkomstig die wette van die jeug.”[10]

Om die grootste geleeentheid te hê om te groei in wysweid, grootte en genade soos Jesus het – het ons kinders beskerming en veiligheid nodig om te ontwikkel met balans en welstand. Dit beteken dat hulle nie net fisiese veiligheid benodig nie, maar ook emosionele, geestelike, seksuele, en sielkundige veiligheid.
Die oplossings om hierdie nadelige kindertyd ondervindings te voorkom moet begin in ‘n Christelike huis.

Ons is lief vir ons kosbare kinders. Ons het hulle geheel en al en vurig lief. Ons wil net die beste vir hulle hê. Maar dikwels besef ons nie dat ons hulle voorberei vir ‘n lewe, geskaad deur geweld. deur hulle bloot te stel aan ‘n gebrek aan veiligheid hier reg in ons huise.

- Indien hulle toekyk wanneer ouers baklei, of sien hoe hulle vader die moeder aanval – dan is die huis nie veilig nie.
- Indien hulle gemolesteer of seksueel mishandel word deur familie of vriende wat ons vertrou – is die huis nie veilig nie.
- Indien hulle in vrees leef vir u kritiek en harde woorde – dan is die huis nie veilig nie.

---

[9] https://www.who.int/violence_injury_prevention/violence/activities/adverse_childhood_experiences/en/
[10] Ellen G. White, *The Desire of Ages (*Mountain View: CA, Pacific Press, 1898), 68.

- Indien hulle foute en mislukkings gebruik word om hulle te verneder en te beheer – is die huis nie veilig nie.
- Indien hulle nie vry is om emosies, vrese en bekommernisse uit te spreek nie – is die huis nie veilig nie.
- Indien hulle stilbly oor geestelike onderwerpe omdat hulle vertel word dat God hulle nie sal liefhê as hulle vrae vra nie – is die huis nie veilig nie.
- Indien hulle vaders en manlike familielede sien wat hulle mag uitoefen om vroue uit te buit, in plaas daarvan om te lei soos Jesus, deur te dien en te beskerm – is die huis nie veilig nie.

Ons kan nie die wêreld om ons beheer nie. Maar ons het 'n onmiskenbare verantwoordelikheid voor God om ons kinders in veilige, liefdevolle huise groot te maak, wat die liefde en teerheid van Christus se karakter weerspieël. "Die atmosfeer wat die siele van vaders en moeders omring, vul die hele huis en word gevoel in elke departement van die huis."[11]

Om die epidemie van aggressie onder ons jeug aan te spreek, om afspraak-geweld te verminder, om boelies te stop, seksuele geweld en tiener manslag – moet ons die kulturele norms wat in ons huise bestaan beoordeel. Ons moet eerstens onsself as ouers, grootouers, tannies en ooms, familie en vriende, aanspreek. Wanneer ons huise so gestruktureer is op die konsep van mag en beheer, dan is ons onwetend besig om die siklus van aggressie, woede en hopeloosheid in die gemeenskap voort te sit.

Die eerste stap om hierdie pynlike siklus te stop, is om die stilte te verbreek en die onderwerp na die lig te bring.

Die Apostel Johannes skryf: "... die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg. Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is." (Johannes 3:19-21)

Maak nie saak hoe ongemaklik dit voel nie, ons moet begin om die realiteit te bespreek op so 'n manier dat ons toelaat vir eerlikheid en dit sal lei tot verandering. Wanneer ons as 'n globale kerk die ongemaklike onderwerpe vermy, verkies om dit geheim en weggesteek te hou, laat ons toe dat geweld floreer in privaat lewens. Die enigste manier om die duisternis te verjaag, is om die lig van die waarheid in te laat, en om die steriliserende sonskyn van God daarop te laat skyn. Johannes sê vir ons dat wanneer iemand boosheid in die donkerte wegsteek, is hulle nie ware volgelinge van God nie.

---

[11] Ellen G. White. *Adventist Home* (Washington, DC: Review and Herald, 1952) 16.

## DIE INGESTELDHEID VAN MAG EN BEHEER

Kerk gemeenskappe kan onwetend maniere van denke bevorder wat geweldadige patrone van optrede bevorder, want ons idealiseer diegene wat mag besit.

Maar wag, is mag nie 'n goeie ding nie? Dit kan wees. Maar mag wat ongehinderd voortgaan, kan vinnig korrupteer. As volgelinge van Christus word ons geroep om mekaar te hanteer volgens die Vrug van die Gees. "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22).

Wanneer ons fokus daarop om mag en beheer oor ander uit te oefen, deur ander se keuses te beheer, en ons wil op hulle afdwing, vergeet ons maklik dat satan mag gesoek het. Satan wil oorneem. Wil besit. Wil kontrole hê.

Christus wil gee. Jesus en die Vader is een in hulle identiteit van LIEFDE. Saam, kan hulle die werktuie van liefde en waarheid gebruik om ons uit te nooi om verlossing te aanvaar. Elke ander werktuig: kragdadigheid, misleiding, manipulasie, kullery, omkopery, intimidasie, isolering, verleiding, uitlokkende gedrag ... al hierdie is werktuie van die duiwel, nie van God nie. Ons kan nie hierdie werktuie gebruik in ons ouerskap, ons romantiese verhoudings, ons huwelike of ons bedieninge nie, sonder om die karaktertrekke van Satan aan te neem nie.

Wanneer kerkmense, lidmate of leiers, fokus op mag in plaas van op diensbaarheid – of dit in ons huwelike, in ons klasse, in ons klein groepies, of in ons gemeentes of die groter gemeenskap -- kan ons die atmosfeer van mishandeling voortsit. Ons kan die KRAG van God nastreef, sonder om die KARAKTER van God te hê.

Dan is ons gebroke wanneer ons kinders grootword en hulle het mishandeling gesien as die norm, en hulle volg in ons emosionele, verbale, fisiese of geestelike geweldadige voetspore.

Om die mag te besit sonder om die karakter van God te hê, getuig van sonde wat blootgelê moet word om die lig van God se waarheid te laat inskyn.

## LIG BRING GENESING

Totdat ons die siklus van geweld breek, volg ons nie Jesus se gebod om mekaar lief te hê en in die lig te wandel nie. "Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom blind gemaak het." (1 Johannes 2:10, 11, NV).

Wanneer ons die dapperheid openbaar om openlik en eerlik te praat; om huise te skep wat gevul is met vriendelikheid en medelye; wanneer ons weier om die welbekende gewoontes wat die gees van geweld en aggressie bevorder te onderdruk; en wanneer ons nie toelaat dat dit na die volgende generasie oorgedra word nie, eers dan kan die kerk begin om herlewing en genesing te ervaar.

Tot dan is ons gesamentlik besig om die skatkis van veiligheid en vertroue uit ons kinders se harte te steel. Deur dit te doen verdraai ons die karakter van God en oortree die derde gebod, wat sê "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie." (Eksodus 20:7).

As lede van die Liggaam van Christus, maak ons daarop aanspraak dat ons die naam van God weerkaats. Wanneer ons daaglikse voorbeeld nie die Vrug van die Gees vertoon nie, misbruik ons God se naam.

In Galasiërs hoofstuk 5 sê Paulus vir ons dat die begeertes van ons sondige natuur algemeen bekend is: "onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie" (Galasiërs 5:19-21).

Dit mag ongemaklik wees om te erken dat ons heeltemal te gereeld ons gesinne tuis behandel met meer vyandigheid, stryery, jaloesie, woede buie, afgunstigheid en ander vorme van emosionele en fisiese aggressie, as wat ons enige ander plek sal doen. Ons eggenote en kinders word die maklike prooi van ons frustrasie, moegheid of geïirriteerdheid. Dan word hulle groot en glo dat hierdie patrone van optrede normaal is, en hulle hanteer hulle broers en susters, eweknieë, romantiese metgeselle en hulle toekomstige families op dieselfde manier as wat hulle grootgeword het.

Ellen White skryf in groot detail oor die huislike lewe en die belangrikheid van vriendelikheid, liefde en wederkerige respek. Sy sê "die huis moet 'n klein hemel op aarde wees, 'n plek waar die liefde geleer kan word inplaas daarvan om onderdruk te word. Ons geluk hang af van die kweek van liefde, simpatie, en ware beleefdheid teenoor mekaar. Die soetste tipe hemel is 'n huis waar die Gees van God heers. Indien die wil van God vervul word sal die man en vrou mekaar respekteer en liefde en vertroue kweek."[12]

"Moet nooit vergeet nie dat u die huis helder en gelukkig moet maak vir uself en vir die kinders, deur die Verlosser se karaktertrekke te koester. Probleme mag voorkom, maar dit is die lot van die mensdom. Laat geduld, dankbaarheid en liefde aanhou skyn in die hart al is die dag ook hoe bewolk. Die huis mag dalk eenvoudig wees, maar dit kan altyd die plek wees waar vrolike woorde gespreek en liefdevolle dade gedoen word, waar beleefdheid en liefde blywende gaste is."[13]

Hierdie houding by die huis hang nie af van die weer, die geslag of die kulturele norme nie. Dit hang af van ons gewilligheid om Jesus Christus na te streef en Sy hart van liefde vir ons kinders en jeug voor te hou. Jesus Christus moet ons verwysingspunt en die middelpunt van ons optrede by die huis wees. Hierdie is nie slegs vir moeders bedoel nie. Dit is 'n verwagting van almal wat hulle daarop beroep dat hulle Jesus Christus volg en gevul is met die Gees – manne en vroue, seuns en dogters.
"Nie die man of die vrou moet probeer om arbitrêre beheer oor die ander uit te oefen nie. Moet nie probeer om die ander een te verplig om in te gee vir jou wense nie. Julle kan dit nie doen en mekaar se liefde behou nie. Wees vriendelik, geduldig, verdraagsaam en hoflik."[14]

---

[12] Ibid, 15.
[13] Ibid, 17, 18.
[14] Ibid, 118.

## GEVOLGTREKKING

Die Skrif maan ons om liefde te bewys deur die waarheid te praat oor geweld. "Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter" (Jesaja 5:20, NV).

In Efesiërs 5:11-13 (NV) waarsku Paulus ons duidelik,

- moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie,
- stel dit eerder aan die kaak,
- praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen,
- laat die lig daarop val.

Wanneer ons die voorbeelde van geweld teenoor die kinders in ons huise minimaliseer, aggressiewe kulturele patrone aanvaar as normaal, en die misbruik van mag laat lyk asof dit minder skadelik is as wat dit in God se oë is, tree ons op in opposisie teenoor God se hart van liefde.

So lank as wat geweld floreer in stilte in die huise van die geloofsgemeenskap, so lank as wat ons kerke aanhou om evangelistiese en uitreik-programme te hou wat gebaseer is op mag of kragdadigheid, so lank as wat ons die aspekte van ons plaaslike kultuur aanneem en 'n houding van kontrole oor ander aanmoedig – hou ons 'n model vir ons jeug voor dat geweld normaal is, dat dit nie veilig is vir hulle omgeweld te rapporteer nie, en dat die ingesteldheid van dominansie en regte 'n aanvaarbare vervanging van God se opofferende liefde is.

Indien ons 'n keuse maak, kan ons ons jongmense wys hoe om geweld te stop en te... **enditnow**®. Maar dit beteken dat ons in die spieël moet kyk en ons eie geweld aanspreek, ons eie aggressie, ons eie sin vir kontrole en mag oor ander. Hoe begin ons om dit te doen?

Ons begin deur gewillig te wees om te doen wat dit ookal neem om die stilte te verbreek en dit nou te eindig ... **enditnow**.

> Stilbly is nie God se definisie van liefde nie.
> Die Skrif sê ons moet praat daaroor. (Jesaja 58:1, 2, 6,7, NV).
>
> Stilbly is nie die manier om oortreders en misbruikers te inspireer om te verander nie.
> Die Skrif sê ons moet mekaar tot verantwoording roep. (Efesiërs 5:11-13, NV).
>
> Stilbly is nie deel van die Bybelse proses van vergifnis nie.
> Die Skrif sê dat ons diegene wat kindertjies kwaad aandoen moet berispe en tot verantwoording bring. (Lukas 17:3, NV).
>
> Stilbly bring nie verandering nie.
> Die Skrif sê dat om sonde te bedek, rampe oor die hele gemeenskap sal bring. (Josua 7-9).
>
> Stilte bring nie genesing nie.
> Stilte red nie die lammetjies nie.

Saam kan ons die stilte verbreek .... en 'n einde daaraan maak, **enditnow.**

God se deernis dring die liggaam van Christus om met omgee en erbarming te reageer op die behoeftes wat geskep word as ‘n gevolg van mishandeling. Deur dit te doen, sal slagoffers wat gebroke is as gevolg van alle vorms van geweld, die geleentheid gegee word om te genees en om hulle lewens te herbou.

Mag God u en my seën terwyl ons praat, bid en saamwerk teen geweld en om dit nou te eindig.

Saam kan ons die stilte verbreek. Saam kan ons dit nóu beeindig.

Amen.

—einde—

## Verklaring oor Pornografie

Verskillende regsbanke en kulture kan debatteer oor die definisie en gevolge van pornografie (die literatuur van seksuele afwyking), maar op die basis van ewige beginsels vind Sewendedag Adventiste van watter kultuur ookal, pornografie destruktief, vernederend, desensitiserend en uitbuitend.

Dit is *destruktief* vir die huweliksverhouding; dit wat God ontwerp het sodat man en vrou so nou verkleef raak dat hulle simbolies "een vlees" word (Genesis 2:24).

Dit is *vernederend*, waar 'n vrou (en in sommige gevalle 'n man) nie as 'n geestelik-verstandelik-fisieke geheel gesien word nie, maar as 'n eendimensionele en wegdoenbare seks- objek, van wie die waarde en die respek wat haar verskuldig is as dogter van God, ontneem word.

Dit is *desensitiserend* vir die kyker/leser, wat die gewete gevoelloos maak en "hulle heeltemal in dwaasheid verval" en dus 'n persoon is wat "oorgegee (is) aan 'n slegte gesindheid" (Romeine 1:22, 28, LV).

Dit is *uitbuitend*, toegewend aan wellus, en basies beledigend en dus in stryd met die Goue Reël, wat sê dat 'n mens ander moet behandel soos jy behandel wil word (Matteüs 7:12). Besonder *beledigend* is kinderpornografie. Jesus het gesê: "maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see" (Matteüs 18:6).

Hoewel Norman Cousins dit nie noodwendig in Bybelse taal geskryf het nie, het hy insiggewend gesê: "Die probleem met hierdie openlike pornografie. . .is nie dat dit net die gemoed verontreinig nie, maar dat dit die persoon ongevoelig maak (desensitiseer); nie dat dit die passies ontketen nie, maar dat dit die emosies verlam; nie dat dit 'n volwasse verhouding aanmoedig nie, maar dat dit 'n terugkeer is na infantiele obsessies; nie dat dit die blinders verwyder nie, maar dat dit die uitkyk verdraai. Vaardigheid word verkry, maar die liefde word ontken. Wat ons nou kry is geen bevryding nie, maar ontmensliking." –*Saturday Review of Literature*, 20 September 1975.

'n Samelewing wat geteister word deur dalende standaarde van moraliteit, toenemende kinderprostitusie, tienerswangerskappe, seksuele aanvalle op vroue en kinders, dwelm beskadigde mentaliteit, en georganiseerde misdaad, kan nie bekostig dat pronografie bydra tot hierdie kwaad nie.

Verstandig is inderdaad die raad van die eerste groot teoloog van die Christendom: "Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees" (Filippense 4:8, 9, NV). Dit is advies waarop elke Christen moet ag slaan.

*Hierdie openbare verklaring was vrygestel deur die Wêreld Konferensie President, Neal C. Wilson, na konsultasie met die 16 wêreld visie-presidente van die Sewendedag Adventiste Kerk, op 15 Julie 1990, tydens die Wêreld Konferensie sessie in Indianapolis, Indiana, VSA.*

https://www.adventist.org/articles/pornography/

—einde—

## Seminaar

**GEVAARLIKE BEDMAATS:**
**Pornografie en intieme metgesel geweld**
Geskryf deur Claudio en Pamela Consuegra
Gebruik met toestemming
Geneem uit *Ministry,* ® Internasionale Tydskrif vir Predikante, November 2019

Pornografie kom wêreldwyd voor, geskat as ‘n $97 biljoen industrie, met omtrent $12 biljoen daarvan afkomstig uit die VSA.”[1] Die verbruik van pornografie (porn) in die VSA het skerp toegeneem met die oorvloedige gebruik van die internet en slimfone. Meer as 77 persent van Amerikaners kyk ten minste een maal per maand na pornografie.[2] Ten minste 30 persent van alle internet verbruik is na pornografie webbladsye.[3] Wat van die kerk?[4]

“Vier-en- sestig (46%) persent van self-erkende Christen mans en 15 persent van self-erkende Christen vroue kyk ten minste een maal ‘n maand na pornografie (Vergelyk met 65 persent nie-Christen mans en 30 persent nie-Christen vroue).

“Drie-en-dertig (33%) persent van predikante sê dat hulle eksplisiete seksuele webtuistes besoek het. Van hierdie wat eksplisiete seksuele webtuistes besoek het, het 53 persent gesê dat hulle hierdie webwerwe ‘n paar keer in die afgelope jaar besoek het, en 18 persent het gesê dat hulle hierdie eksplisiete webwerwe “’n paar keer ‘n maand” en “meer as een keer per week” besoek het.
“Een-en-twintig persent van jeug predikante en 14 persent van predikante het erken dat hulle huidiglik sukkel met pornografie.”[5]

Hierdie is van groot belang omdat pornografie die ware antitese van Christelike optrede is. Pornografie belowe om plesier te verskaf, maar dit veroorsaak net pyn. In porn word vroue met disrespek behandel, gedwing, fisies en verbaal verneder, en hierdie realiteit vorm hoe die gemeenskap dink en optree.
Terwyl nie alle porn fisiese of verbale geweld uitbeeld nie, kan selfs nie-geweldadige porn gevolge hê. Baie navorsing het bewys dat diegene wat selfs nie-geweldadige porn inneem, verklarings ondersteun wat saamstem daarmee, of selfs geweld en seksuele agressie teen vroue en meisies aanmoedig.[6]
Die mees waarskynlike verduideliking is dat die meeste pornografie mans uitbeeld as sterk en in beheer, en vroue as onderdanig en gehoorsaam. Hierdie houding dek die tafel vir oneweredige magsdinamika in paartjies se verhoudings en dit veroorsaak stelselmatig die aanvaarding van verbale en fisiese aggressie teenoor vroue.
Van groter kommer is dat porn inname nie slegs die mans se houding teenoor vroue affekteer nie, maar ook hulle aksies. In ‘n groot studie wat gedoen is in 2016 het die navorsers tot die gevolgtrekking gekom dat, “oor die algemeen sal individue wat pornografie meer dikwels inneem, ook meer dikwels die gesindheid inneem wat bevorderlik is vir seksuele aggressie en ook dan tot die daad van seksuele aggressie toetree.”[7] Porn verbruikers is meer geneig tot die gebruik van verbale druk, dwelms en alkohol om vroue te forseer tot seks, en die blootstelling aan porn verhoog aggressiewe fantasieë en wat uiteindelik tot geweldadige aanrandings lei.[8]

**DIE GEVAARLIKE KRUISING**
Die Nasionale Sentrum vir Seksuele Uitbuiting (National Center on Sexual Exploitation) het drie maniere uitgelig waar gesinsgeweld en pornografie mekaar kruis:[9]

1. Pornografie stel verwagtinge van geweld en misbruik. Op 'n versteurde manier, tree pornografie op as 'n vorm van seksuele opvoeding; dit leer kinders, jong en volwasse mans die les dat vroulike seksuele metgeselle die fisiese dade moet geniet soos slaan, versmoring, geforseerde seks, ens. Ons is deur vroue genader en word dikwels die vraag gevra gedurende wegbreke vir paartjies, omtrent sekere vorms van seks waaraan hulle nie voorheen gewoond was nie, en wat hulle mans nou voor vra, en met tye op aandring. Een vrou vertel hoe haar man elke dag seks vereis en wanneer sy sy toenadering van die hand wys, hy haar dan verkrag. Dit is nie vreemd dat navorsing wat in 2011 gedoen is, duidelik gevind het dat selfs hoofstroom pornografie gebruik deur gereelde kykers verbind word met die groter bedoeling om te verkrag.[10]

2. Dikwels gebruik oortreders pornografiese videos of naakte fotos wat hulle self geneem het van hulle slagoffers, om óf die slagoffer te dwing, óf te straf in 'n verhouding waar mishandeling plaasvind, deur te dreig om dit aanlyn te deel – óf dit waarlik te deel. Terwyl die term "wraak pornografie" nie dikwels gekoppel word aan gesinsgeweld of mishandeling nie, sal hierdie verskynsels dikwels oorvleuel. Gelukkig het ten minste 40 state in die VSA en die distrik van Colombië wette daargestel teen die plasing van videos of naakte fotos.[11]

3. Pornografie gebruik deur gesinsgeweldenaars kan die kanse van seksuele geweld vermeerdeer. Janet Hinson Shope het 'n studie geloots van 271 mishandelde vroue, waarin 30 persent van hulle gerapporteer het dat hulle mishandelaars pornografie gebruik het.[12] Shope het tot die stotsom gekom dat "die oorgrote meerderheid van vroue (58%) wie se misbruikers pornografie gebruik het, erken het dat pornografie hulle mishandeling affekteer het." Navorsing het 'n verband gevind tussen pornografie gebruik en verkragting in die huwelik, wat 'n vorm van gesinsgeweld is. Volgens hulle bevindings was mans wat pornografie gebruik en na ontklee klubs gaan, betrokke by hoër syfers van seksuele mishandeling, agtervolging en verkragting in die huwelik.[13]

**DIT IS 'N PRIVAAT AANGELEENTDHEID**
Meeste, indien nie alle porn gebruikers sal mens vertel dat om porn te kyk 'n private saak is en dat dit niemand seermaak nie. Maar navorsing het gewys dat baie porn gebruikers meestal geweld teenoor vroue goedkeur en glo dat vroue dit in die geheim tog geniet om verkrag te word, wat lei tot meer agressie in die werklike lewe.[14]
Een studie het gevind dat "diegene wat 'n groter blootstelling aan pornografie gehad het, ses maal meer geneig is om iemand te verkrag, as diegene wat minder blootstelling gehad het."[15]

Mary Anne Layden, direkteur van die Seksuele Trauma en Psigo-patologiese Sentrum by die Universiteit van Pennsylvania, verklaar dat "40 persent van mishandelde vroue aangedui het dat hulle metgeselle geweldadige pornografie gebruik het."[16] Sy het ook navorsing aangehaal wat gevind het dat mans wat pornografie gebruik hulle vroue of metgeselle minder aantreklik vind. Dit affekteer hulle negatief oor hoe hulle hul vroue sien, omdat sy nooit in staat sal wees om te kompeteer of te wees soos die ontelbare, blykbaar perfekte vroue wat hulle op die skerm sien nie.

In ‘n wêreld van internet wolke, tablette, rekenaars en draagbare toestelle, sal die oorlog teen pornografie seker nooit heeltemal gewen kan word nie. Tussen al hierdie magte, speel die kerk ‘n unieke rol oor die behandeling van vroue en die swakkes, en in die korrekte rol van seks binne die konteks van die huwelik. Manne in die kerk mag dink, in ooreenstemming met ander mans, dat om pornografie te kyk ‘n privaat aangeleentheid is. Die realiteit is dat selfs ongereelde gebruik van pornografie die manier waarop hulle na vroue kyk affekteer – en die belangrikste, hulle verhouding met God.

**OM TE BREEK IS BAIE MOEILIK**

Jeremia, bekend as die wenende profeet, het verklaar, ““Die mens se hart is deur en deur bedrieglik en boos. Wie weet regtig hoe sleg dit is?” (Jeremia 17:9, NLV). Slegs 9 persent van kerkgangers en 7 persent van predikante kan ‘n program by hulle kerke identifiseer waar diegene wat sukkel met pornografie gehelp kan word.[17] So, wat gaan ons doen?

*1. Begin dadelik die pad na vryheid.* Breek die verslawing —ja, verslawing—aan pornografie—hoe gouer hoe beter. Dis baie moeilik om te stop, maar dit is die enigste manier. Ons het ‘n hulpbron ontwikkel om u te help om te begin. U kan daarna kyk en dit gratis deel. Besoek die newfreedomtolove.org webtuiste waar u getuienisse, preke en seminare sal vind asook ander skakels en hulpbronne wat kan help om u te plaas op die pad na vryheid van pornografie verslawing. Vir addisionele hulp en ander bronne kan u ook die volgende webtuiste besoek gatewaytowholeness.com. In sommige gevalle sal u professionele berading moet gaan kry.

*2. Beskerm u gedagtes—dit is ‘n saak van die hart.* Jesus het dit duidelik gemaak dat dit ‘n saak van die hart is toe Hy gesê het, “Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor” (Lukas 6:45, NV). Salomo was ook bewus van die feit toe hy gesê het, “Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe” (Spreuke 4:23, NV).

In plaas daarvan om jou gedagtes te vul met beelde wat God se gawe van seks verdraai en Sy dogters verneder, aanvaar God se uitnodiging, “My seun, gee my jou hart, en laat jou oë 'n welgevalle hê in my weë” (Spreuke 23:26).

Neem hierdie bemoedigende woorde en maak aanspraak daarop vir jouself: “Die enigste verdediging teen boosheid is die inwoning van Christus in die hart deur geloof in Sy geregtigheid. Tensy daar ’n lewende verbintenis met God is, sal ons nooit die onheilige uitwerking van eie-liefde, selfbevrediging, en die versoeking tot die sonde kan weerstaan nie. Ons mag baie slegte gewoontes laat staan, en vir ’n tyd mag ons gemeenskap verbreek met die Satan, maar sonder ’n lewende verbintenis met God deur oorgawe aan Hom van oomblik tot oomblik, sal ons oorwin word.”[18]

*3. Vra ander om jou te help.* Die stryd vir vryheid van pornografie is nie een wat ons alleen kan aandurf nie. Salomo het dit so verduidelik: “Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets” (Prediker 4:9, NV). Nou, meer as ooit, het u die hulp van ander nodig. Begin met u eggenoot of die wat naaste aan u is en vra hulle om te help om u verantwoordelik te hou. Eensaamheid dryf mense dikwels om die leemte met porn te vul.

Terwyl pornografie en intieme metgesel geweld gevaarlike bedmaats is, is dit nie nodig dat u die instrument moet wees, en u eggenoot en ander ongelukkiges die slagoffers nie. Dit is in u mag om die besluit te maak en die nodige stappe te neem om sommer vandag 'n einde te maak aan hierdie toksiese, vernietigende werktuie van die duiwel voordat dit ander, en uself, vernietig.

**BIBLIOGRAFIE**


[1] Mike Genung, "The Road to Grace," https://www.roadtograce.net /current-porn-statistics/.
[2] Tim Rymel, "Does Pornography Lead to Sexual Assault?" *HuffPost*, August 26, 2016, https://www.huffingtonpost.com/entry/does-pornography-lead-to-sexual-assault_us_57c0876ae4b0b01630de8c93.
[3] R. Douglas Fields, "The Explosive Mix of Sex and Violence," *Psychology Today*, January 26, 2016, https://www.psychologytoday.com/us/blog/the-new-brain/201601/the-explosive-mix-sex-and-violence.
[4] 'n Weergawe van hierdie artikel het eers verskyn in die September 2019 uitgawe van Adventist *Review*.
[5] Mike Genung, "The Road to Grace," https://www.roadtograce.net /current-porn-statistics/.
[6] "How Consuming Porn Can Lead to Violence," Fight the New Drug, August 23, 2017, https://fightthenewdrug.org/how-consuming-porn-can-lead-to-violence/.
[7] Paul J. Wright, Robert Tokunaga, and Ashley Kraus, "A Meta-Analysis of Pornography Consumption and Actual Acts of Sexual Aggression in General Population Studies," *Journal of Communication* 66, no. 1 (February 2016): 183–205.
[8] "Porn Can Lead to Violence."
[9] Haley Halverson with Emily Hale, "Three Ways Domestic Violence Is Connected to Pornography," End Sexual Exploitation, October 1, 2018, https://endsexualexploitation.org/articles/three-ways -domestic-violence-is-connected-to-pornography/.
[10] John D. Foubert, Matthew W. Brosi, and R. Sean Bannon, "Pornogra-phy Viewing Among Fraternity Men: Effects on Bystander Interven-tion, Rape Myth Acceptance and Behavioral Intent to Commit Sexual Assault," *Sexual Addiction & Compulsivity* 18, no. 4 (2011): 212–231.
[11] "46 States + DC+ One Territory Now Have Revenge Porn Laws," Cyber Civil Rights Initiative, accessed October 10, 2019, https://www.cybercivilrights.org/revenge-porn-laws/.
[12] Janet Hinson Shope, "When Words Are Not Enough: The Search for the Effect of Pornography on Abused Women," *Violence Against Women* 10, no. 1 (2004): 56–72.
[13] Catherine A. Simmons, Peter Lehmann, and Shannon Collier-Tension, "Linking Male Use of the Sex Industry to Controlling Behaviors in Violent Relationships: An Exploratory Analysis," *Violence Against Women* 14, no. 4 (2008): 406–417.
[14] "Porn Can Lead to Violence."
[15] "Porn Can Lead to Violence."
[16] Jay Everson, "To Confront Domestic Violence, We Must Confront Pornography," *Washington Times*, February 12, 2015, https://www.washingtontimes.com/news/2015/feb/12/op-ed-to-confront -domestic-violence-we-must-confro/.
[17] Mike Genung, "The Road to Grace." https://www.roadtograce.net /current-porn-statistics/.
[18] Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue* (Mountain View, CA: Pacific Press Pub. Assn., 1940), 324.


—einde—